

Pienk, sag en vroulik



BENODIGDHEDE

Groot trui: 7 bolle Pingouin Cotton Naturel double crepe (50 g-bolle).

Klein trui: 3 bolle van dieselfde breidraad; breinaalde van 3 mm en 3,75 mm; 2 stekehouters.

MATE

Groot trui: Om borsmaat van 102-107 cm lossies te pas; ware grootte 124 cm; lengte tot skouer 68 cm; mou 19 cm.

Klein trui: Borsmaat 81-86 cm, ware grootte 106 cm; lengte tot skouer 48 cm; mousgat 20 cm.

SPANNING

23 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met breinaalde van 3,75 mm.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; ste(e) – steek(e); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; gs – glipsteek; herh – herhaal; ks – koussteek; rif – riffelsteek, r1, aw1; tes – tesame; tgso – trek glipsteek oor; grtgso – glip 1 st, r 1 st, trek gs oor; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; gr2tgso – glip 1 st, brei 2 ste regs tes, trek gs oor; oorbl – oorblywende; pat – patroon; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; V – verleng of verkort hier.

PATROONSTEEL NR. 1

1e ry: *r1, m1, grtgso, r3, r2tes, m1*; herh van * tot *, eindig met r1.

2e en alle alt rye: Deurgaans aw. 3e ry: *r2, m1, grtgso, r1, r2tes, m1, r1*; herh van * tot *, eindig met r2.

5e ry: *r1, m1, grtgso, m1, gr2tgso, m1, r2tes, m1, r1*; herh van * tot *, eindig met r1.

7e ry: Soos 3e ry.

9e ry: *r3, m1, gr2tgso, m1, r2*; herh van * tot *, eindig met r3.

11e ry: *r1, r2tes, r1, m1, r1, m1, r1, grtgso*; herh van * tot *, eindig met r1.

13e en 15e ry: Soos 11e ry.

PATROONSTEEL NR. 2

10 rye ks.

PATROONSTEEL NR. 3

1e ry: *r1, m1, grtgso, r3, r2tes, m1*; herh van * tot *, eindig met r1.

RIA STOKER het die trui eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gebrei.

2e en alt rye: Deurgaans aw.

3e ry: *r2, m1, grtgso, r1, r2tes, m1, r1*; herh van * tot *, eindig met r2. 5e ry: *r3, m1, gr2tgso, m1, r2*; herh van * tot *, eindig met r3.

Let wel: Die eerste stel steke het betrekking op die moullose, klein trui; die tweede stel is vir die groter trui. Vir die kleiner, moullose trui moet die 3 r-ste aan weerskante tot skouervorming gebrei word. Laat dan by synate die kantgedeelte onderaan oop, en laat sowat 20 cm oop vir mousgate. Verdere aanwysings is in die hoofpatroon opgeneem.

AGTERPANT

Gebruik 3 mm-Ne en stel 95(118) ste op.

1e en 2e ry: r3, *r1, aw1* tot laaste 3 ste, r3.

Slaan oor na 3,75 mm-Ne en brei die 16 rye van pat-st nr. 1, maar met r3 aan weersk van werk. Brei 1e-16e ry van pat-st nr. 1 nogmaals, dan 1e-10e ry van pat-st nr. 1.***

Brei voort met afwisselend pat-st nr. 2 en nr. 3, 6(9) keer, V, brei nou die 3 ste aan weersk in ks.

Hals- en skouervorming: Eerste skouer: Brei 34(37) ste, plaas oorbl ste op 'n stekehouter.

1e ry: Heg 3(4) ste af (halsrand), brei pat tot einde.

2e ry: Heg 11(12) ste af (skouer), brei pat tot einde.

3e ry: Heg 1(2) ste af, brei pat tot einde.

4e ry: Soos 2e ry.

5e ry: Brei pat.

6e ry: Heg oorbl ste af.

Hou 27(44) ste op stekehouter vir halsvorming.

Tweede skouer: Brei voort op oorbl 34(37) ste soos vir 1e skouer, maar met omgekeerde vorming. Heg af.

VOORPANT

Soos agterpant tot ***.

Brei pat-st nr. 2 en 3 slegs 4(7) keer, V, maar verseker dat pat-st nr. 2 en 3 een(2) keer minder as op agterpant gebrei word, as jy

lengte by V van agterpant verleng of verkort het.

Brei steeds 3 ste ks aan weersk.

Hals- en skouervorming: Brei 40(50) ste, plaas oorbl ste op stekehouter.

Eerste kant: 1e ry: Heg 3(4) ste af (halsrand), brei pat tot einde.

2e en alt rye: Brei pat.

3e ry: Heg 2(3) ste af, pat tot einde.

5e ry: Heg 1(2) ste af, pat tot einde.

7e en 9e ry: Soos 5e ry.

11e ry: Heg 1 st af, pat tot einde.

Brei 19(25) rye pat sonder vorming.

Skouervorming: Heg aansyrand 11(12) ste af in 2 alt rye.

Heg in vlg ry oorbl ste af.

Glip vlg 15(18) ste op stekehouter.

Tweede kant: Soos eerste, maar met omgekeerde vorming.

MOUE(2) Let wel: Die kleiner trui met moue word nie getoon op foto nie.

Gebruik 3 mm-Ne en stel 56(81) ste op.

Brei 3 rye rif, maar sonder 3 r-ste aan weersk.

4e (vermeer) ry: Brei rif en vermeer 9(16) ste eweredig gespaasieer – 65(97) ste.

Slaan oor na 3,75 mm-Ne en pat-st nr. 1, brei dié 16 rye 3 keer, dan 1e-10e ry.

Vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van elke 3e ry, 14(18) keer – 93(133) ste.

Vlg ry: Heg af.

HALSBOORDJIE

Werk een skouernaat toe. Gebruik 3 mm-Ne en beg by halsrand van agterpant, tel op en rif 8(9) ste uit gevormderand, 27(40) ste van stekehouter, 8(9) ste uit ander gevormde kant van halsrand, dan 30(35) ste uit halsrand van voorpant, 15(18) ste van stekehouter, en 30(35) ste uit 2e gevormde rand – 118(146) ste. Brei 7 rye rif en heg rifsgewys af.

AFWERKING

Werk 2e skouernaat toe. Werk moue vas. Werk sy- en mounate toe, maar begin synaat bokant kantgedeelte.

Ma en dogter kan nou spog in pragtige pienk somertruie. Saamgestel deur Sandra Bodenstein



foto MARC BOW; grimering en hare FABIENNE; modelle RENÉ van NEXT en GUENOLA

Is jy gefrustreer wanneer jy die breidraad in die middel van 'n ry moet vasheg? Hier is 'n maklike manier om dit te doen:

Wanneer die breidraad byna opgebruik is, moet die oorblywende stuk aan die begin van 'n ry dubbel gevou word; maak dan 'n los knoop. Sodra jy in die volgende ry die knoop bereik, sal die oorblywende stuk nie lank genoeg wees om nog 'n ry te brei nie. Begin dus die volgende ry met 'n nuwe bol.